# INSKRYWINGS PROSEDURES

## BY LAERSKOOL ELARDUSPARK


### INSTRUKSIES VAN TOEPASSING VIR ALLE INSKRYWINGS:

- VOLTOOI INSKRYWINGSVORM VOLLEDIG, KORREK EN DUIDELIK LEESBAAR.
- GEEN WYSIGINGS AAN DIE FORMAAT VAN DIE OORSPRONKLIKE VORM IS TOELAATBAAR NIE.
- LET WEL: GEEN KRAMMETJIES AAN DOKUMENTE – GEBRUIK SLEGS EEN SKUIFSPELD (paperclip) OM DIE VOLLEDIGE PAKKIE DOKUMENTE IN DIE VOLGORDE, TE HEG.
- PLAAS NETJIESE PAK DOKUMENTE IN A4-GROOTTE KOEVERT – GEEN KRAMMETJIES IN KOEVERT.
- SKRYF SLEGS DIE GRAAD WAARVOOR LEERDER INGESKRYF WORD, OP DIE KOEVERT.
- **HANDIG IN BY 548 ALBERTON STRAAT, ELARDUSPARK** (Klein Toegangshekkie wat lei na die Admin.blok). **Maandag tot Donderdag tussen 07:00 en 14:00; en Vrydae tussen 07:00 en 13:00**

### INSKRYWING VIR GRAAD R

**DOKUMENTE VIR INHANDIGING IN DIE ONDERSTAANDE VOLGORDE**

1. **Oorspronklik** voltooide inskrywingsvorm, bladsy een en twee.
2. Geboortesertifikaat (leerder – **A4 grootte portrait en duidelik leesbaar** asook **gesertifiseer**).
3. Immuniseringskaart (leerder).
4. ID van vader **(gesertifiseer).**
5. ID van moeder **(gesertifiseer).**
6. **Gesertifiseerde** bewys van woonadres (koop-/huurkontrak; of water & ligte rekening in u naam; of beëdigde verklaring van eienaar van perseel met ID-afskrif)
7. Ander dokumente indien van toepassing, bv. Bewyse van Hofbevel of Binnelandse Sake aansoek.



**Let wel:** Items 2-7 moet duidelik leesbare afskrifte wees.

### INSKRYWING VIR GRAAD 1 TOT 7

**DOKUMENTE VIR INHANDIGING IN DIE ONDERSTAANDE VOLGORDE**

1. **Oorspronklik** voltooide inskrywingsvorm.
2. Geboortesertifikaat (leerder - **A4 grootte portrait en duidelik leesbaar** asook **gesertifiseer**).
3. Immuniseringskaart (leerder).
4. ID van vader **(gesertifiseer).**
5. ID van moeder **(gesertifiseer).**
6. **Gesertifiseerde** bewys van woonadres (koop-/huurkontrak; of water & ligte rekening in u naam; of beëdigde verklaring van eienaar van perseel met ID-afskrif).
7. Ander dokumente indien van toepassing, bv. Bewyse van Hofbevel of Binnelandse Sake aansoek.
8. Skoolrapport (laaste rapport van huidige skool wat reeds afgelegde kwartale se punte aandui).

**Let wel:** Items 2-8 moet duidelik leesbare afskrifte wees.

**NB:** Oorplasingsertifikaat (aanvraag by huidige skool nadat toelating by Elarduspark bevestig is).

**Oorspronklike** vorm moet ingehandig word wanneer

education
Department: Education
GAUTENG PROVINCE

# INSKRYWINGSVORM – VIR DIE JAAR 20………

## LAERSKOOL ELARDUSPARK

*Voltooi asb. volledig met swart pen vir elke leerder afsonderlik*

LAERSKOOL ELARDUSPARK

| NUWE INSKRYWING | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Volle naam/name | | | | |
| Van | | | | |
| Noemnaam | | | | |
| Geboortedatum | | | | |
| ID-nommer/Paspoortnr. | | | | |
| Nasionaliteit | RSA ☐ Ander: | | | |
| Kerkverband | | | | |
| Geslag | Manlik ☐ Vroulik ☐ | | | |
| Bevolkingsgroep | | | | |
| Huistaal | Afr ☐ Eng ☐ Ander: | | | |
| **Toelatingsdatum verlang by LSEP** | | | | |
| **Op Toelatingsdatum** | **Graad** | | **Ouderdom** | |

| SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK | | | | |
|---|---|---|---|---|
| *Waglys* | *A* | *B* | *Waglysnr.* | 210690/ |
| *Ontvang deur* | | | ***Dokumente Kontrolelys*** | *Geboortesertifikaat* ☐ |
| *Datum* | | | | *Immuniseringskrt* ☐ |
| *Tyd* | | | | *ID-Afskrifte (ouers)* ☐ |
| *Familiekode* | | | | *Bewys van adres* ☐ |
| *Graad/Reg klas* | | | | *Vorige Rapport/e* ☐ |
| *Toelatingsnr.* | | | | *Oorplasingsert.* ☐ |
| *Opmerkings* | | | | |
| *Toegevoer deur* | | | | |

| GESINS-INLIGTING | | | |
|---|---|---|---|
| Ander leerder/s tans in hierdie skool? | | Ja ☐ | Nee ☐ |
| Naam/e: | | Familiekode: | |
| **Gesin-status** | Beide ouers (getroud) ☐ | Enkelouer (nooit getroud) ☐ | |
| | Beide ouers (ongetroud) ☐ | Enkelouer (geskei) ☐ | |
| | Beide ouers (geskei) ☐ | Hersaamgestelde gesin ☐ | |
| | Weduwee/wewenaar ☐ | Ander: | |
| | Ouer/s oorlede: VADER ☐ | MOEDER ☐ | Pleegsorg ☐ |

| INLIGTING: NAASBESTAANDE (Nie ouer/voog) | | | |
|---|---|---|---|
| Naam en van | | | |
| Kontaknommer | | Verwantskap: | |
| Naam en van | | | |
| Kontaknommer | | Verwantskap: | |

| HUIDIGE JAAR (TANS) : Skool / Kleuterskool / Speelgroep | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Is leerder tans / was onlangs in 'n Skool? | Ja ☐ | Nee ☐ | Indien wel, in watter Provinsie/Land? | | |
| Naam van skool | | | | | |
| Adres | | | | | |
| Telefoonnr. | | Hoogste graad voltooi | | Rede vir verlating | |

| INLIGTING: OUER / VOOG 1 - Biologiese Vader. (Indien ander:_______________) ALLE VELDE MOET VOLTOOI WORD | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Titel | | Noemnaam | | Woonadres | |
| Volle name | | | | | |
| Van | | | | Posadres | |
| ID-/ Paspoortnr. | | | | Beroep | |
| Kontaknommer | | | | Werkgewer | Kontaknommer |
| Epos adres | | | | Werksadres | |
| Ouer/Voog 1 ontvang kommunikasie via d6: | Ja ☐ | Nee ☐ | | Woon leerder by hierdie Ouer? | Ja ☐ Nee ☐ |

| INLIGTING: OUER / VOOG 2 - Biologiese Moeder. (Indien ander:_______________) ALLE VELDE MOET VOLTOOI WORD | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Titel | | Noemnaam | | Woonadres | |
| Volle name | | | | | |
| Van | | | | Posadres | |
| ID-/ Paspoortnr. | | | | Beroep | |
| Kontaknommer | | | | Werkgewer | Kontaknommer |
| Epos adres | | | | Werksadres | |
| Ouer /Voog 2 ontvang kommunikasie via d6: | Ja ☐ | Nee ☐ | | Woon leerder by hierdie Ouer? | Ja ☐ Nee ☐ |

## VERIFIËRING VAN PERSOONLIKE INLIGTING

Ek, ___________________________________________________________ ouer/ voog van __________________________________verklaar hiermee dat die inligting op hierdie vorm deur my weergegee, waar en juis en dat ek by wyse van handtekening hieronder aan die Voorsitter van die Beheerliggaam, of sy verteenwoordiger, toestemming verleen om enige van die besonderhede deur my verskaf te verifieer. Ek is bewus daarvan dat, indien enige van die inligting deur my verskaf as onwaar bevind word, ek krimineel vervolg kan word.
Ek/ Ons gee hiermee toestemming dat alle regskennisgewings, eise en enige ander formele kommunikasie wat ingevolge hierdie ooreenkoms vereis word, **per e-pos afgelewer** en beteken mag word **na die e-posadres wat in die aansoekvorm verskaf is** of wat daarna skriftelik deur die Ouer / Wettige Voog opgedateer is.
Ek / Ons erken dat dit my / ons verantwoordelikheid is om te verseker dat die verskafde e-posadres aktief en toeganklik bly en om die skool skriftelik in kennis te stel van enige veranderinge.Hierdie toestemming verhinder nie die skool om regskennisgewings op ander toegelate maniere te beteken nie, insluitend persoonlike aflewering, voorafbetaalde geregistreerde pos, of enige ander metode soos in hierdie ooreenkoms bepaal

Handtekening van ouer/ voog: ____________________________________________________________ Datum: __________________________________________

## OOREENKOMS TEN OPSIGTE VAN BETALING VAN SKOOLGELDE

Ooreenkoms tussen Laerskool Elarduspark en ________________________________________________ ouer/ voog/ rekeningpligtige t.o.v. betaling van skoolgeld.

1. Laerskool Elarduspark is 'n Artikel 21 Openbare Skool en mag skoolgeld hef volgens die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet nr. 84 van 1996 asook 27 van 1996).
2. Ouers/ Voogde/ Rekeningpligtige is aanspreeklik vir die betaling van skoolgeld soos bepaal ingevolge Artikel 39 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, tensy en tot die mate waartoe u van betaling vrygestel is kragtens hierdie Wet.
3. Dit bly steeds die verantwoordelikheid van almal wat as ouers van die ingeskrewe leerder kwalifiseer, ooreenkomstig die definisie van 'n ouer in die S.A. Skolewet, om die skoolgeld te betaal ongeag enige hofbepaling dat 'n ander persoon die skoolgeld moet betaal soos bv. 'n egskeiding.
4. Appél kan aangeteken word teen 'n negatiewe beslissing van die Beheerliggaam t.o.v. die vrystellings van die verpligting van skoolgeld, by die Departementshoof van die Onderwysdepartement, wat te alle tye die bepalings van bogenoemde Wetgewing sal toepas en verplig sal wees om 'n behoorlike regsproses te volg ten einde die belange van 'n ouer en van die Beheerliggaam te beskerm.
5. Ek/ ons is bewus dat ons jaarliks aansoek moet doen vir vrystelling van skoolgeld, en indien ons van voorneme is om aansoek te doen vir vrystelling, sal die relevante aansoekvorm dienooreenkomstig voltooi word.
6. Indien ek/ons agterstallig is met die betaling van skoolgeld, sal ek/ ons aanspreeklik wees vir die betaling van kostes aangegaan om uitstaande gelde in te vorder op 'n prokureur- en kliënteskaal.
7. Alle skoolgelde tot op datum betaal sal wees alvorens my kind op 'n toer/uitstappie/kamp sal gaan.

Handtekening van ouer/ voog: ____________________________________________________________ Datum: __________________________________________

## VRYWARING / TOESTEMMING: DEELNAME AAN AKADEMIESE-, SPORT- EN KULTUUR AKTIWITEITE

**VERKLARING DEUR OUER/ VOOG:**

1. Ek, ouer/ voog van _____________________________________________________ gee hiermee toestemming dat my kind:
   a. Aan alle akademiese-, sport- en kultuur aktiwiteite wat deur die skool op 'n georganiseerde wyse aangebied word, mag deelneem; en
   b. Aan toetse mag deelneem soos deur die skool ondersteuningspan geïdentifiseer, met die oog op:
      i. hulpverlening in skoolwerk; of ii. identifisering van probleme.
2. Ek verleen toestemming dat my kind vervoer kan word deur:
   a. 'n openbare busvervoermaatskappy wat goedgekeur is deur die skoolbestuur; of
   b. In 'n privaatmotorvoertuig van ouers/ onderwyser wat oor 'n wettige bestuurderslisensie beskik.
3. Ek aanvaar dat alle redelike voorsorg getref sal word vir die veiligheid en welstand van my kind en dat ek aanspreeklik gehou sal word vir die betaling van enige mediese- en/ of hospitaalrekening indien van toepassing, in geval van besering/s wat nie aan die nalatigheid van die verantwoordelike personeel toegeskryf kan word nie.
4. Sover my kennis strek, verkeer my kind in goeie gesondheid en is fisies in staat om aan enige georganiseerde aktiwiteit deel te neem.
5. Ek bevestig dat ek die skool sal inlig indien my kind nie waterveilig en swemvaardig is om op sy/haar eie of sonder hulp te swem nie.
6. Ek dra my magte as ouer/ voog oor aan die Skoolhoof of sy verteenwoordiger, indien mediese- en/ of chirurgiese behandeling vir my kind nodig mag wees, indien ek nie beskikbaar is om daardie besluit self te kan neem nie.
7. Ek onderneem verder om my kind te ondersteun in die nakoming van die **Gedragskode** en die dissiplinêre stelsel van die skool soos vervat in die Skoolbeleid.

Handtekening van ouer/ voog: ____________________________________________________________ Datum: __________________________________________

## MEDIATOESTEMMING

1. Hiermee bevestig ek dat enige **beeldmateriaal** van my kind gebruik mag word vir enige publikasie van die skool, in watter formaat ook al. Indien ek as ouer dit **nie wil laat geskied, ek die skool skriftelik in kennis sal ste**l.

Handtekening van ouer/ voog: ____________________________________________________________ Datum: __________________________________________

## MEDIESE INLIGTING / KRONIESE TOESTAND

Hiermee lig ek die skool in van die volgende **mediese toestand** van my kind:

Hartverwante siekte ☐ Kort beskrywing ______________________________________________________________________________________

Diabetes ☐ Kort beskrywing ______________________________________________________________________________________

Asmaties ☐ Kort beskrywing ______________________________________________________________________________________

Allergie ☐ Kort beskrywing ______________________________________________________________________________________

Ander ☐ Kort beskrywing ______________________________________________________________________________________

**Kroniese medikasie** ☐ Kort Beskrywing ______________________________________________________________________________________